For animal use only

CAMPYLOBACTER
(VIBRIO) FETUS VACCINE

ONDERSTEPOORT
BIOLOGICAL PRODUCTS

Reg. No. G 0055 (Act 36/1947) Namibia: NSR 0958

An oil-emulsion of formalin inactivated *Campylobacter fetus venerealis* and *Campylobacter fetus (intestinalis)* bacteria for the prophylactic immunisation of heifers and bulls against bovine vibriosis.

Store the vaccine at a temperature of 4 ˚C to 8 ˚C, in a refrigerator. Do not use the vaccine after the expiry date printed on the bottle.

RECOMMENDATIONS FOR USE
Heifers and bulls must be immunised 6-8 weeks before commencement of the breeding season. A single annual booster injection must be given four weeks prior each ensuing breeding season. In herds with an existing infertility problem the diagnosis should first be confirmed by a veterinarian to eliminate other diseases such as trichomoniasis. The vaccine may have a curative effect in bulls and although it will not prevent infection in heifers it will prevent resorption of the embryo and consequently improve the calving percentage. It will, however, not necessarily produce an absolute immunity in all animals.

WARNINGS
Do not slaughter animals for human consumption within 7 days of vaccination. Vaccinate healthy animals only. Keep out of reach of children, uninformed persons and animals. Animals which have previously been inoculated with oil-based products may develop a reaction at the injection site. Although this product has been extensively tested under a large variety of conditions, failure thereof may ensue as a result of a wide range of reasons. If this is suspected, seek veterinary advice and notify the registration holder.

DIRECTIONS FOR USE
Use only as directed.
Sterilise syringes and needles by boiling in water for at least 15 minutes. Do not use disinfectants or methylated spirits for sterilising either syringes or needles. Use a separate sterile needle for each animal. The vaccine is an oil emulsion and has a thick consistency when cold. Keep the vaccine at room temperature until it is fluid and then shake the bottle thoroughly. Use a comparatively large needle to withdraw the vaccine. It is advisable to administer the vaccine behind the shoulder or on the side of the neck. Each animal should be given two subcutaneously injections with an interval of four weeks. A single booster injection should be given four weeks before each ensuing breeding season.

DOSAGE:
Heifers: 2 ml subcutaneously
Bulls: 5 ml subcutaneously

EFFECTS OF THE VACCINE
The vaccine may cause a local swelling, especially after the second injection. These swellings will, however, eventually disappear provided the necessary aseptic precautions were taken during inoculation. Immunity cannot be guaranteed in all animals.

PACKING
Available in bottles of 50 ml and 100 ml.

Registration holder:
Onderstepoort Biological Products SOC Ltd, Co. Reg. No. 2000/022686/06
Private Bag X07, Onderstepoort, 0110. Tel: +27 (0) 12 522 1500, Fax: +27 (0) 12 522 1591

P1282
Made in South Africa Edition 5

Slegs vir dieregebruik

CAMPYLOBACTER
(VIBRIO) FETUS ENTSTOF

ONDERSTEPOORT
BIOLOGIESE PRODUKTE

Reg. Nr. G 0055 (Wet 36/1947) Namibië: NSR 0958

'n Olie-emulsie van formalien-geïnaktiveerde *Campylobacter fetus venerealis* en *Campylobacter fetus (intestinalis)* bakterieë vir die voorbehoedende immunisering van verse en bulle teen bees vibriose.

Bewaar die entstof by 'n temperatuur van 4 °C tot 8 °C, in 'n yskas. Moet nie die entstof na die vervaldatum wat op die bottel gedruk is gebruik nie.

AANBEVELINGS VIR GEBRUIK
Verse en bulle moet ses tot agt weke voordat die teelseisoen begin geïmmuniseer word. 'n Enkele jaarlikse versterkingsinspuiting moet vier weke voor elke daaropvolgende teelseisoene gegee word. In kuddes waar 'n onvrugbaarheidsprobleem reeds bestaan kan dit ook aan ander oorsake te wyte wees bv. trichomoniase. Boere word gevolglik aangeraai om die diagnose deur 'n veearts te laat bevestig. Die entstof mag besmette bulle genees maar sal in verse nie besmetting voorkom nie maar wel resorpsie van die embrio verhoed en daardeur die kalfpersentasie verhoog. Dit sal egter nie in alle diere noodwendig absolute immuniteit teweeg bring nie.

WAARSKUWINGS
Moet nie diere binne 7 dae na inenting vir menslike verbruik slag nie. Slegs gesonde diere moet ingeënt word. Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere. Diere wat voorheen met olie-basis produkte ingespuit was mag 'n reaksie ontwikkel by die inspuitplek. Alhoewel hierdie produk breedvoerig onder 'n wye verskeidenheid van toestande getoets is, mag dit faal as gevolg van verskeie redes. Indien dit vermoed word, raadpleeg 'n veearts en verwittig die registrasiehouer.

GEBRUIKSAANWYSINGS
Gebruik slegs soos voorgeskryf.
Steriliseer spuite en naalde deur dit vir ten minste 15 minute in water te kook. Moet nie ontsmettingsmiddels of brandspiritus gebruik om spuite en naalde te steriliseer nie. Gebruik sover moontlik 'n afsonderlike steriele naald vir elke dier. Die entstof is 'n olie-emulsie en is nie geredelik vloeibaar wanneer dit koud is nie. Laat die entstof vir 'n rukkie by kamertemperatuur staan totdat die olie vloeibaar is en skud die bottel baie deeglik. Gebruik 'n betreklike groot naald om die entstof op te trek. Dit is verkieslik om die entstof agter die skouerblad of aan die kant van die nek, toe te dien. Elke dier moet twee onderhuidse inspuitings met 'n tussenpose van vier weke gegee word. 'n Enkel versterkingsinspuiting moet vier weke voor elke daaropvolgende teelseisoen gegee word.

DOSIS:
Verse: 2 ml onderhuids
Bulle: 5 ml onderhuids

UITWERKING VAN DIE ENTSTOF
Die entstof sal 'n plaaslike swelsel veroorsaak veral na toediening van die tweede inspuiting. Hierdie swelsel sal egter mettertyd verdwyn mits die nodige voorsorgmaatreëls getref is om die inspuiting asepties toe te dien. Immuniteit kan egter nie in alle diere gewaarborg word nie.

VERPAKKING
Beskikbaar in bottels van 50 ml en 100 ml.

Registrasiehouer:
Onderstepoort Biologiese Produkte MSB Bpk, Mpy. Reg. Nr. 2000/022686/06
Privaatsak X07, Onderstepoort, 0110. Tel: +27 (0) 12 522 1500, Faks: +27 (0) 12 522 1591

P1282
Vervaardig in Suid-Afrika Weergawe 5